

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4

BOEKHOU VIR REGSPRAKTISYNS

20 OKTOBER 2021

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. Maak seker dat in u antwoorde die betrokke inskrywings duidelik herkenbaar, beskrywend en volledig is.
3. Maak aparte besigheids- en trustkasboeke asook grootboekrekeninge vir kliënte oop en moet dit nie kombineer nie. Joernaal-inskrywings moet behoorlik herkenbaar en beskrywend/verhalend wees.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal, sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druij dus hierdie eksamen.

VRAAG 1**[40]**

U ontvang instruksies om voort te gaan met 'n eiendomsoordrag namens u kliënt, Viki. Die kopers, mnr. en mev. Sila koop twee eiendomme vanaf u kliënt, naamlik: Eiendom A, welke koopprys verseker word deur 'n verband ten gunste van Nedbank, in die bedrag van R1,650,000.00 en Eiendom B, ten bedrae van R300,000.00, betaalbaar in kontant en om in trust gehou te word hangende die registrasie van die oordrag. U ontvang 'n waarborg ten bedrae van R1,650,000.00 vanaf Nedbank. Die eiendomsagent voorsien u van sy pro forma rekeningstaat ten aansien van sy kommissie, ten bedrae van R100,000.00 vir Eiendom A, en R20,000.00 vir Eiendom B, betaalbaar op datum van registrasie.

U ontvang betaling van die koopprys, in verband met Eiendom B, per EFT, vanaf die kopers.

U lewer u pro forma rekeningstaat aan die kopers ten aansien van die koste van die oordrag van Eiendom A vir R28,000.00, Eiendom B vir R9,000.00 en hereregte ten bedrae van R27,750.00. Die kopers deponeer R64,750.00 in u trustrekening. U betaal die hereregte aan SARS en ontvang die hereregtekwitansie.

U kliënt betaal aan u die bedrag van R5,000.00 ten aansien van die betaling van die erfbelastingrekening. U betaal die Munisipaliteit en ontvang die uitklaringcertifikaat.

Die oordragte en verband is geregistreer.

Daar word van u versoek om bogemelde transaksies in u finansiële rekords aan te teken. U hoef nie voorsiening te maak vir BTW nie.

VRAAG 2**[10]**

U kliënt, mnr. Speedster, betaal R30,000.00 aan u, in kontant, as 'n deposito om u gedek te hou vir toekomstige fooie en uitgawes in 'n kriminele aangeleentheid.

Hy voorsien aan u instruksies om borg te betaal in die aangeleentheid.

U betaal die borg, ten bedrae van R20,000.00, in kontant, aan die klerk van die hof.

Daar word van u versoek om:

- 2.1 Bogemelde transaksies in u rekenkundige rekords aan te teken. (6)
- 2.2 Bewerkstellig 'n oordrag van enige bedrag wat u geregtig is om oor te dra na u besigheidsrekening. (4)

VRAAG 3**[40]**

U ontvang die volgende rekeningstaat en EFT vanaf u korrespondent aan wie u instruksies voorsien het om op te tree namens dieselfde kliënt in die volgende drie aangeleenthede:

Sam vs Smith - Invordering

Aan fooi Dagvaarding	600	200
Aan BTW	90	30
Aan betaling Balju	200	
Aan kontant Smith		9 000
Aan invorderingskommissie	900	300
Aan BTW	135	45

Sam – Egskeiding

Aan betaling Advokaat	300	
Aan betaling Balju	180	
Aan ons fooie	1 500	500
Aan BTW	225	75

Sam – Registrasie van Maatskappy

Aan fooi – Opstel Memorandum van Ooreenkoms	1 800	600
Aan BTW	270	90
Aan betaling Registrateur	600	
Aan fooi opwagting	1 200	400
Aan BTW	180	60
EFT hiermee	3 120	
	<hr/>	<hr/>
	11 300	11 300

Daar word van u versoek om:

- 3.1 bogemelde transaksies in u finansiële rekords aan te teken.
- 3.2 dra enige bedrag waarop u geregtig is oor na u besigheidsbankrekening.
- 3.3 verreken volledig aan u kliënt deur 'n rekeningstaat voor te berei.

VRAAG 4

[10]

U besigheidskasboek, soos op 31 Desember 2020, reflekteer 'n debiet balans van R100,000.00. Die bankstaat reflekteer 'n balans van R41,301.00 op 31 Desember 2020. Na ontvangs van u bankstaat, identifiseer u die volgende:

'n MTN debiet order, ten bedrae van R54.00 is nie aangeteken in die kasboek nie. Rente ten bedrae van R3,000.00 is nie aangeteken in die kasboek nie. Direkte deposito's van R60,000.00 en R63,984.00, ontvang vanaf u kliënt, is nie aangeteken in u kasboek nie.

Die Bank het foutiewelik u besigheidsrekening gekrediteer met die bedrag van R24,673.00. 'n Deposito ten bedrae van R210,302.00 word nie gereflekteer op die bankstaat nie.

Daar word van u versoek om 'n Aanvullende kasboek asook 'n Bank-rekonsiliasiestaat, soos op 31 Desember 2020, voor te berei.

- DIE EINDE -
